# Die Reg op **Water** & **Sanitasie**

## DIE REG OP WATER EN SANITASIE IS ‘N FUNDAMENTELE MENSEREG WAARVOOR IN DIE HANDVES VAN REGTE VOORSIENING GEMAAK WORD.

**Die Wet op Waterdienste bepaal dat:**

- **Elkeen die reg het tot basiese watervoorsiening en sanitasiedienste het;**
- **Elke instansie wat waterdienste lewer stappe moet neem om hierdie regte ‘n werklikheid te maak;**
- **Elke munisipaliteit moet in sy waterdienste-ontwikkelingsplan voorsiening maak om hierdie regte ‘n werklikheid te maak.**

Hoofstuk 2 van die Suid-Afrikaanse Grondwet bepaal :

***“Elkeen het die reg om toegang te hê tot genoeg kos en water.”***

Ten einde uitvoering aan hierdie reg te gee, het die Parlement Wet no. 108 van 1997 die Wet op Waterdienste, uitgevaardig. Die doel van hierdie Wet is om basiese watervoorsiening en basiese sanitasiedienste te verskaf.

Hierdie Wet erken dat die reg van toegang tot basiese watervoorraad en tot basiese sanitasiedienste noodsaaklik is om voldoende water en ‘n omgewing wat nie skadelik vir die gesondheid of welsyn van mense en diere is nie, te verseker.

**Ander regionale ooreenkomste wat die reg op water en sanitasie vaslê, sluit in:**

- **Die Afrika Handves vir Menseregte (1981)**
- **Die Afrika Handves vir die Regte en Welsyn van die Kind (1990)**
- **The Additional Protocol to the American Convention on Human Rights in the Area of Economic, Social and Cultural Rights (Protocol of San Salvador) (1988) en**
- **Die Arabiese Handves oor Menseregte (2008)**

# Wie is verantwoordelik vir die lewering van water- en sanitasiedienste?

Daar rus 'n plig op alle sfere van die regering om te verseker dat water- en sanitasiedienste gelewer word op 'n wyse wat doeltreffend, billik en volhoubaar is.

Alle regeringsfere moet streef daarna om watervoorrade en sanitasiedienste wat voldoende is vir lewensonderhoud en volhoubare ekonomiese aktiwiteit, te voorsien.

Die rol van die regering is dat:

- Nasionale owerhede waterhulpbronne deur verskillende waterrade bestuur;
- Munisipaliteite verantwoordelik is vir die lewering van water- en sanitasiedienste en planne vir lewering moet opstel. Hierdie planne moet die effektiewe lewering van dienste aan informele gemeenskappe in bereiking bring;
- Ons wet erken dat, weens die gebrek aan hulpbronne, die regering nie dadelik hierdie dienste aan almal kan lewer nie. Die regering moet egter 'n duidelike plan met tydsraamwerke en begrotings hê om hierdie dienste te lewer en toegang te vergroot;
- Die regering dit moet doen sonder kompromieë van ander basiese regte.

## Die regering moet die volgende basiese water- en sanitasiedienste lewer:



1. Minstens 6000 liter per huishouding per maand

Teen 'n vloeikoers van nie minder as 10 liter per minuut nie

Binne 200 meter van 'n staanplek

Veilig vir menslike gebruik



2. 'n Toilet of geventileerde puttoilet, wat veilig, betroubaar, omgewingsveilig en maklik om skoon te hou is, wat reuke tot die minimum beperk, goed geventileer is en keer dat vlieë of ander siektedraende peste kan ingaan.



**GEEN VERBRUIKER KAN VIR MEER AS 7 DAE PER JAAR SONDER WATER BLY NIE**



By die afsluiting van die Millennium-ontwikkelingsdoelwitte in 2015 het die Verenigde Nasies die 2030 Agenda vir Volhoubare Ontwikkeling, wat die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD's) aangekondig het, aanvaar. Suid-Afrika het homself ook verbind daaraan om die VOD's binne die vasgestelde tydsraamwerke te bereik.

Doelwit 6 van die VOD's het te make met die reg op water- en sanitasiedienste vir almal om:

---

- Die beskikbaarheid en volhoubare bestuur van water en sanitasie vir almal te verseker;
- Teen 2030 universele en billike toegang tot veilige en bekostigbare drinkwater vir almal te bereik;
- Teen 2030 toegang tot voldoende en billike sanitasie en higiëne vir almal te bereik, en om ontlasting in die openbaar te beëindig, met spesiale aandag aan die behoeftes van vroue en meisies en diegene in kwesbare situasies.

Die Departement van Water en Sanitasie is die bewaarder van Suid-Afrika se waterhulpbronne. Dit het die opdrag om afdoende en doeltreffende waterhulpbronne-bestuur te bevorder en volhoubare ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling te verseker. Toegang tot inligting oor die Departement kan verkry word deur sy webtuiste *op www.dwa.gov.za.*

# Gratis basiese dienste

Suid-Afrika het 'n beleid[1] van gratis basiese dienste (behoeftigheidsbeleid) wat water, elektrisiteit en verwydering van soliede afval insluit om te verseker dat:

- Elke huishouding die eerste 6 000 liters water per maand gratis kry. Vir water wat meer as hierdie hoeveelheid gebruik word, moet daar betaal word. Waterkostes word gehef teen 'n stygende tarief, wat beteken dat, hoe meer jy gebruik, hoe meer dit kos. Landswyd het 92,5% van huishoudings toegang tot verbeterde drinkwaterhulpbronne;[2]
- Verskillende munisipaliteite het verskillende beleide vir die voorsiening van gratis water en sanitasie. U kan hierdie dienste outomaties ontvang, of u sal vir die dienste moet registreer.

## Waar om hulp te kry

- U het 'n reg tot gratis dienste en u het 'n reg om te weet waarom u nie voldoende dienste ontvang nie;
- U moet u munisipaliteit, wyksraadslid of gemeenskapsontwikkelingswerker vertel as u probleme ondervind;
- Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (Die Kommissie/SAMRK), ander artikel 2-instansies en nieregeringsorganisasies (NRO's) kan u ook help om die inligting wat u nodig het, te kry.

# Die regte in die Handves van Regte is onderling verbind

Elke reg in ons Grondwet is gelyk, en regte is afhanklik van mekaar. Byvoorbeeld, sonder water is dit moeilik om by die skool te leer en 'n opvoeding te kry.

Alle menseregte is vervleg en onderling afhanklik. Die reg op water- en sanitasie-dienste word gekoppel aan die regte op lewe, waardigheid, gesondheid, behuising, voedsel, onderwys, fisiese sekuriteit, geslagsgelykheid, en die verbod op diskriminasie. 'n Gebrek aan toegang tot water en sanitasie het baie negatiewe impakte.

**DIE REGTE IN DIE HANDVES VAN REGTE IS ONDERLING VERBIND, BYVOORBEELD:**

- **Die verspreiding van voorkombare siektes soos diarree en cholera;**
- **Kinders, veral meisies, is geneig om uit die skool weg te bly as daar geen toiletfasiliteite is nie;**
- **Daar is 'n toename in die gebruik van hospitale en klinieke;**
- **Mense bly weg van die werk af en is nie produktief nie;**
- **Vroue is bang om snags toilet toe te gaan uit vrees vir hulle veiligheid.**

Minstens 26% (3.8 miljoen) huishoudings binne formele gebiede het sanitasiedienste wat nie voldoen aan die vereiste standaard nie weens die agteruitgang van infrastruktuur, veroorsaak deur gebrek aan tegniese kapasiteit om effektiewe werking, tydige instandhouding, opknapping, en/of opgradering van die leegmaakdienste van puttoilette en/of onvoldoende waterhulpbron-dienste.[3]

Burgerlike gemeenskap- en nieregeringsorganisasies speel 'n belangrike rol in die monitering van die progressiewe realisering van die reg op water- en sanitasiedienste.

**Die Sosio-Ekonomiese Regte-Instituut van Suid-Afrika (SERI**) is een so 'n organisasie en kan gekontak word deur hulle webtuiste www.seri-sa.org.za

Klagtes oor probleme om skuld te betaal kan ook ingedien word by die **Nasionale Kredietreguleer**der by www.ncr.org.za.

**Die Openbare Beskerme**r is 'n onafhanklike instelling wat geskep is in terme van Artikel 9 van die Grondwet. Dit het 'n mandaat om die regering se gedrag, mislukkings en wanadministrasie te ondersoek. Vir meer inligting oor die Openbare Beskermer kan u hulle webtuiste besoek www.pprotect.org.

# Die rol van die SAMRK

**DIE SUID-AFRIKAANSE MENSEREGTEKOMMISSIE IS 'N ONAFHANKLIKE LIGGAAM WAT INGESTEL IS DEUR DIE GRONDWET OM DIE VERKRYGING VAN MENSEREGTE IN ONS LAND TE MONITOR, TE BESKERM EN TE BEVORDER.**

Skendings van die reg op toegang tot water en sanitasie in Suid-Afrika is onaanvaarbaar hoog, met die meeste skendings wat in landelike of informele gemeenskappe gebeur. Die Kommissie ontvang baie klagtes oor water en sanitasie. Tussen 2012 en 2016 het die Kommissie 1 363 klagtes oor die skendings van die regte tot water en sanitasie ontvang.[4]

Skendings van die regte om toegang tot water en sanitasie te hê, lei nie alleen tot skendings van ander basiese regte nie, maar veroorsaak soms ook sosiale protes deur gemeenskappe wat gefrustreerd is met die gebrek aan voldoende dienste.

Die howe het dit duidelik gemaak dat die mense geregtig is op toegang tot water. Belangrike uitsprake deur die howe verskaf leiding aan verantwoordelike owerhede oor wat hulle plig is om toegang tot gehalte-water en -sanitasie te verskaf. Die howe het erken dat die reg tot water en sanitasie vir almal in Suid-Afrika belangrik is sodat die land ongelykheid kan beëindig en ander regte soos die reg op gesondheid en onderwys te bevorder en te beskerm.[5]

In twee vroeë klagtes aan die Kommissie het gemeenskappe in Makhaza, Khayelitsha en Rammulotsi in die Vrystaat gekla oor toilette in hulle gemeenskappe.

Die Kommissie se ondersoek het laat blyk dat mense in hierdie gemeenskappe gely het onder 'n aantal skendings van hulle basiese regte. Hulle is gedwing om in onhigiëniese en onveilige toestande te woon, want hulle moes oop toilette gebruik wat nie skoon is nie en teen die norme en standaarde van dienslewering is. Die Kommissie het albei munisipaliteite beveel om onmiddellik stappe te neem vir die beskerming van die privaatheid, waardigheid, reg tot 'n skoon en veilige omgewing en die reg van toegang tot water en sanitasie van die gemeenskappe.

Die Kommissie het hom ook beroep op die Presidensie se Departement van Beplanning, Monitering en Evaluering (DBME) om 'n verslag aan die Kommissie te verskaf oor die reg tot sanitasie landswyd. Die DBME het gerapporteer dat daar voortgesette en wydverspreide probleme is rakende "belangrike swakhede en uitdagings by waterdienste wat toegeskryf word aan 'n gebrek aan voldoende befondsing en swak belastinginvordering wat lei tot finansiële onstabiliteit; 'n gebrek aan tegniese, bestuurs- en besigheidsvaardighede; politieke inmenging en korrupsie en onduidelike munisipale magte en funksies."[6]

Die Kommissie het sy bevindings en aanbevelings formeel aan die nasionale parlement oorgedra nadat verhore gehou is in al die provinsies oor die skendings van die regte tot die toegang tot water en sanitasie. Dit gaan voort om die reg te monitor en daaroor te rapporteer en om te reageer op klagtes wat deur gemeenskappe aan hulle voorgelê is. Meer onlangs het die Kommissie die hof genader vir verligting namens 'n gemeenskap in die Noordwes-Provinsie.7 In hierdie geval is water deur die Munisipaliteit verskaf, maar dit was onvoldoende vir hulle behoeftes.[8]

# Eindnotas


1 Gratis Basiese Waterimplementeringsriglyn vir Plaaslike Owerhede Weergawe 2.3 beskikbaar by http://www.dwa.gov.za/Documents/FBW/FBWLocalAuthGuidelinesAug2002.pdf

2 GHS Series Volume VIII Water and Sanitation: In depth analysis of the GHS 2002 – 2015 and CS 2016 data

3 Report on the right to access to sufficient water and decent sanitation in SA 2014 (SAMRK)

4 SAMRK Annual Trends Analysis Report 2015/2016

5 Mazibuko and Others v City of Johannesburg and Others 2010 (3) BCLR 239 (CC) (08 October 2009)

6 SAMRK Moqhaka findings (2011)

7 SAMRK Section 184 (3) Report (2016/2017)

8 SAMRK v Madibeng Local Municipality NW/2014/0036

# Kontakbesonderhede

## PROVINSIALE KANTORE

### Oos-Kaap
4de Vloer, Oxford house,
Oxfordstraat 86, Oos-Londen, 5200
Tel: 043 722 7828/21/25 | Faks: 043 722 7830

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr. Abongile Sipondo***
Kontak: Yolokazi Mvovo
E-pos: ymvovo@sahrc.org.za

### Vrystaat
Kellerstraat 18, Bloemfontein
Tel: 051 447 1130 | Faks: 051 447 1128

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr. Thabang Kheswa***
Kontak: Alinah Khompeli
E-pos: akhompeli@sahrc.org.za

### Limpopo
1ste Vloer, Kantoor 102, Biblioteek,
Garden Square, Hoek van Schoeman- en
Groblerstraat, Polokwane
Tel: 015 291 3500 | Faks: 015 291 3505

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr Victor Mavhidula***
Kontak: Mahlatse Ngobeni
E-pos: mngobeni@sahrc.org.za

### Noord-Kaap
Mark- en Scotweg 45,
Ancorley-gebou, Upington
Tel: 054 332 3993/4 | Faks: 054 332 7750

**Provinsiale Bestuurder**
***Me Chantelle Williams***
Kontak: Zukiswa Louw
E-pos: zlouw@sahrc.org.za

### Wes-Kaap
7de Vloer, ABSA-gebou,
Adderleystraat 132, Kaapstad
Tel: 021 426 2277 | Faks: 021 426 2875

**Provinsiale Bestuurder**
***Adv Lloyd Lotz***
Kontak: Shafeeqah Salie
E-pos: ssalie@sahrc.org.za

### Gautengkantoor
2de Vloer, Braampark Forum 3,
Hoofdstraat 33, Braamfontein
Tel: 011 877 3750 | Faks 011 403 0668

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr. Buang Jones***
Kontak: Nthabiseng Kwaza
E-pos: nvkwaza@sahrc.org.za

### KwaZulu-Natal
1ste Vloer, Margaret Mncadi 136, Durban
Tel: 031 304 7323/4/5 | Faks: 031 304 7323

**Provinsiale Bestuurder**
***Me Tanuja Munnoo***
Kontak: Kathleen Boyce
E-pos: kathleenboyce@sahrc.org.za

### Mpumalanga
4de Vloer, Carltex-gebou,
Bellstraat 32, Nelspruit
Tel: 013 752 8292 | Faks: 013 752 6890

**Provinsiale Bestuurder**
***Mnr Eric Mokonyama***
Kontak: Carol Ngwenyama
E-pos: cngwenyama@sahrc.org.za

### Noord-Wes
Heystekstraat 25, Rustenburg
Tel: 014 592 0694 | Faks: 014 594 1069

**Provinsiale Bestuurder**
***Me Mpho Boikanyo***
Kontak: Poppy Mochadibane
E-pos: pmochadibane@sahrc.org.za

## Hoe om die SAMRK te kontak


Forum 3, Braampark Kantoorpark, Braamfontein

Johannesburg

Tel No: 011 877 3600

www.sahrc.org.za

E-pos: info@sahrc.org.za

complaints@sahrc.org.za

Twitter: @SAHRCommission

Facebook: SA Human Rights Commission


south african human rights commission